KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 NOVEMBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd Me SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh RM Van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr K van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr W Wagener | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Mnr NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me RR Fillis | - | Klerk: Komitee Dienste |
| Me CC Cloete | - | Senior Tikster |

AKSIE

**BKN0022/11/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadsdame Crafford open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom. ‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die twee lede van Port Owen Marina Association (POMA) Mnre Russel Foster en Frank Stuyck asook die twee lede van die Dredging-komitee, AB Uys en Derreck Robinson.

***

**BKN023/11/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN024/11/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

***

**BKN025/10/2016**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 15 NOVEMBER 2016**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 15 November 2016 bekragtig word onderhewig aan die regstellings, naamlik:

**BKN005: P5**
**VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Dat die park nie Mahala Park is nie, maar wel Valhala Park.

**BKN009: P6**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERWE 1822, 3729 EN 4189 (PB)**
**15/3/8**

Dat punt 5 in die besluit geskrap word.

**BKN011: P7**
**HANDLEIDING OOR WERKSAAMHEDE VAN EN REGISTER VAN REKORDS GEHOU DEUR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**2/B**
Die Munisipale Bestuurder versoek dat die Direkteur Korporatiewe Dienste toesien dat 'n inligtingsessie vir al die nuutverkose lede gehou word om hul verantwoordelikhede/werksverwagtinge aan hulle te verduidelik en dat sy ook die sessie graag sal bywoon.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (RR FILLIS)***

***

**BKN026/11/2016**
**VERKLARING/MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER EN DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

Dat die gespreksessie tussen die Premier en al die Provinsiale Ministers en Provinsiale Departementshoofde gehou op Maandag 28 November 2016, suksesvol was.

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Dat Bergrivier Munisipaliteit bevoorreg is om 'n Munisipale Bestuurder te hê wat haar werk ken en dat sy by die Premier se sessie haar storie geken en goed voorbereid was; en
- Dat Bergrivier Munisipaliteit amptelik 'n skoon oudit vir 2015/2016 van die Ouditeur - Generaal ontvang het.

***

**BKN027/11/2016**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: PORT OWEN MARINA ASSOCIATION (POMA)**
**3/3/1/5**

Die Voorsitter van die Port Owen Marina Association (POMA) lewer 'n breedvoerige voorlegging van die huidige situasie en hoekom hulle finansiële hulp van Bergrivier Munisipaliteit versoek.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat hulle in die voorlegging meer op hul toekomsvisie moet fokus en in gedagte hou dat nie al die lede om die tafel bewus is van die ou ooreenkoms /besluit van die verlede nie.
Dat Bergrivier en POMA kan poog om minstens twee of meer keer per jaar behoort te vergader met die oog op toekomstige samewerking in die belang van die gemeenskap.

Die afvaardiging word bedank en verlaat die vergadering.

(woordelikse notule is op CD beskikbaar)

**BESLUIT**

Dat 'n opvolgvergadering gereël word tussen die Direksie en Port Owen Marina Association (POMA).

***MUNISIPALE BESTUURDER***

(***Die vergadering verdaag om 10:40 en hervat om 10:55)***

***

**BKN028/11/2016**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

*******

**BKN029/11/2016**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: PELIKAAN STRANDOORD**
**9/1/2**

Die Munsipale Bestuurder bevestig dat 'n publieke vergadering oor die toekoms van Pelikaan strandoord op Donderdag 01 Desember 2016 in Noordhoek sal plaasvind en dat die gemeenskap en alle rolspelers teenwoordig moet wees. Kennisgewings sal in koerante en op die webtuiste geplaas word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN030/11/2016**
**WES-KAAPSE PROVINSIALE REGERING: DRAADLOSE BREë-BAND PROJEK BINNE BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**7/2/3/2**

Die Portefeultje Voorsitter Rdh van Rooy gee 'n bondige beskrywing van die verslag

**AANBEVELING : VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Dat TWK Communications Bk / Wes-Kaap Provinsiale Regering toegelaat word om 'n draadlose breë-band installasie by Porterville Reservoir op te rig vir uitsluitlike gebruik vir Wes-Kaap Provinsiale Regering se draadlose breë-band projek, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. "**Site restrictions**: base area restricted to 12m²";
2. Die presiese posisie en afmetings van die "base area" moet in oorleg met Bergrivier Munisipaliteit se ingenieurs bepaal en opgemeet word;
3. "**Infrastructure restricted to**: 3m – 15m lattice mast painted green to minimize visual impact, 2m – 6m 76mm pole mount, 60cm microwave parabolic and sector antennas";
4. Frequencies used by TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government may not interfere with any of the existing frequencies used at the site or its surroundings;
5. **AC connection and prepaid meter** (including any upgrading of electrical cables) to be paid for by TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government and is to be installed by an electrical contractor approved by Bergrivier Municipality's Electrical Engineer;
6. If any equipment is no longer used, TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government will be held responsible/liable for the removal thereof;
7. Bergrivier Municipality do not accept any legal and/or financial responsibility for any damages to any equipment/installations of TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government placed on or mounted to the Municipality's land and/or other property;
8. TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government is responsible to obtain any other legal approvals that may be required for their equipment/installations prior to commencement.
9. Dat bogenoemde punt 1. tot 8. in 'n huurkontrak vervat word, welke kontrak ten bedrae van R100 per jaar sal wees vir 'n onbepaalde tydperk gekoppel aan drie (3) maande wedersydse kennisgewing. Die kontrak sal aangegaan word tussen TWK Communications BK, as verteenwoordiger van Wes-Kaap Provinsiale Regering en Bergrivier Munisipaliteit;

***

**BKN031/11/2016**

**REPORT OF THE PERFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE ON BERGRIVIER MUNICIPALITY'S PERFORMANCE MANAGEMENT FOR THE PERIOD: 01 JANUARY 2016 TO 30 JUNE 2016**

**12/2/2/21**

**NOTED**

***

**BKN032/11/2016**
**EERSTE AANSUIWERINGSBEGROTING 2016/2017: "ROLL-OVERS" 2015/2016 EN ADDISIONELE PROVINSIALE TOEKENNINGS**
**5/1/1**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei.)***

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1) That the first annual Adjustment Budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2016/2017, **be approved**:

a) Table B2: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by standard classification)
b) Table B3: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by municipal vote)
c) Table B4: Adjustment budget Financial Performance (revenue by source)
d) Table B5: Adjustment budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding
e) Table B6: Budgeted Financial Position
f) Table B7: Budgeted Cash Flow
g) Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation
h) Table B9: Asset Management
i) Table B10: Basic service delivery measurement ; and

2) That the Adjustment Budget be submitted to the authorities and in the format as required by law

***

**BKN033/11/2016**
**PAD VORENTOE: MSCOA**
**5/1/B,5/1/1**

Die Finansiële Direkteur gee 'n breedvoerige agtergrond rakende die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die Finansiële Dienste Komitee bevestig word as die mSCOA komitee;
2. Dat voortgegaan word om gebruik te maak van die huidige diensverskaffer, Fujitsu, vir die implementering van mSCOA;
3. Dat 'n multi-dissiplinêre projekspan saamgestel word om die proses te bestuur onder leiding van die Direkteur Finansiële Dienste; en
4. Dat 'n projekplan so gou moontlik in samewerking met Fujitsu saamgestel word om te verseker dat voldoen word aan die tydsraamwerke gestel deur Nasionale Tesourie.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN034/11/2016**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN035/11/2016**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN036/11/2016**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN037/11/2016**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN038/11/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

**BKN039/11/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:40***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER***

***